HOËRSKOOL FOCHVILLE
Posbus 1884, Fochville Sentraal, 2514
Telefoon: (018) 771 - 6410/1 • Faks: (018) 771 - 2915
Epos: fochies@lantic.net

# HOËRSKOOL FOCHVILLE SOSIALE MEDIA BELEID
# LEERDERS EN OUERS

## 1. INLEIDING EN DOEL

Hoërskool Fochville ("**die skool**") erken dat sosiale media 'n baie kosbare middel is vir kommunikasie asook onderrig. Ons wil hê dat ons leerders en ouers al die voordele wat sosiale media bied benut, maar ook bewus wees van die risiko's wat gepaard gaan met die onverantwoordelike gebruik daarvan. Daar rus 'n plig op die skool om homself, asook individue wat geassosieer word met die skool te beskerm teen hierdie risiko's.

By die skool handhaaf ons 'n openlike en ekspressiewe omgewing en respekteer elke individu se reg tot vryheid van spraak. As 'n opvoedkundige instelling, voel die skool dat ons, ons leerders en ouers moet herinner van hul pligte as 'n burger van Suid-Afrika. Elke Suid-Afrikaanse burger het 'n plig om seker te maak dat alle kommunikasie wat geskied op sosiale media wettig is, dat die kommunikasie geen skade rig of inbraak maak op enige ander individu se regte nie (bv. reg tot privaatheid, reputasie en menswaardigheid). Hierdie beteken dat 'n persoon se reg tot vryheid van spraak soms gelimiteer word. Hierdie is nie 'n limitasie wat ingestel is deur die skool nie, maar deur die Grondwet van Suid-Afrika.

**Hierdie riglyne is van toepassing op alle leerders van Hoërskool Fochville asook die ouers van alle leerders van Hoërskool Fochville wat sosiale media gebruik, in hul persoonlike hoedanigheid asook in verband met/of enige assosiasie met die skool.**

## 2. DEFINISIES

"**Sosiale Media**"
Vir die doel van hierdie riglyne beteken "Sosiale Media" enige fasiliteit wat kommunikasie/gesprekke laat geskied oor die internet. Hierdie fasiliteite sluit in "blogs", forums, platforms soos Facebook, Google, Instagram, Snapchat, Twitter, Qooh.me, Live.ly, Music.ly, WhatsApp, YouTube, "Gaming" platforms (insluitend videospeletjies op X-box en PlayStation ens.) en enige ander vorm van kommunikasie wat nou en in die toekoms geklassifiseer sal word of oor die algemeen beskou sal word as sosiale media.

"**Volwassene**"
Verwys na 'n ouer, onderwyser, studente-onderwyser of voog.

"**Aanlyn**"
Beteken op die internet of op sosiale media toepassings ("Apps").

## 3. BELANGRIKE BEGINSELS

Die volgende belangrike beginsels moet deur leerders en ouers in ag geneem word wanneer sosiale media gebruik word:

3.1 **Meeste individue, leerders of ouers kan met die skool geassosieer word al word Hoërskool Fochville nie gelys by die ouers of as die skool waarnatoe die leerder gaan nie.** Hierdie is as gevolg van afleidings wat gemaak kan word deur net na ’n individu se sosiale media platform te kyk (bv. meeste van sy/haar vriende gaan na die skool toe) of afleidings wat gemaak word deur inhoud rakende die individu te besigtig op ander sosiale media platforms (bv. “getag” te word in ’n skoolfoto deur iemand anders of die skool). **Dus, beteken dit dat hierdie sosiale media riglyne asook enige ander toepaslike beleide van toepassing is 24 uur ’n dag, 7 dae ’n week (insluitende skoolvakansies) en dat alle individue wat geassosieer word met die skool die skool verteenwoordig teen alle tye.**

3.2 **“Digitale inhoud is gevaarlike inhoud”** - sodra inhoud ontstaan in digitale formaat (bv. ’n foto of ’n uitgetikte boodskap) ontstaan daar ’n risiko dat die inhoud kan versprei en deur baie mense gesien word. Al word hierdie inhoud nie aanlyn geplaas nie, moet daar in ag geneem word dat selfone daagliks gesteel word, foto’s word gestoor in ’n “Cloud” (wat gekap kan word - “hacked”) en “screenshots” word geneem. As gevolg van hierdie risiko’s is alle digitale inhoud kwesbaar, sodra inhoud na een ander individu gestuur word, of aanlyn geplaas word verloor die skepper beheer oor die inhoud.

3.3 **Inhoud op sosiale media word geklassifiseer as gepubliseerde inhoud** - sodra een ander individu die skepper se inhoud op sosiale media sien (WhatsApp is ook sosiale media), word dit geag as “gepubliseer” in die oë van die Suid-Afrikaanse reg. Dus, beteken dit dat dit op dieselfde manier behandel word as iets wat op die voorblad van ’n koerant verskyn.

3.4 **Dit is ’n permanente rekord** - alles wat jy aanlyn plaas of sê is daar om te bly. Al word die inhoud afgehaal na ’n kort rukkie is daar steeds ’n risiko dat ’n “screenshot” klaar geneem is en reeds versprei het buite jou beheer.

3.5 **Jy is nooit anoniem aanlyn nie** - al gebruik jy sosiale media onder ’n skuilnaam is dit maklik om ’n individu te identifiseer deur gebruik te maak van sy/haar IP (“Internet Protocol”) adres.

3.6 **Dit is nie privaat nie** - daar bestaan nie “privaatheid” op sosiale media nie. Wees baie versigtig om enige persoonlike informasie aanlyn te plaas wat jy nie wil hê die publiek moet sien nie. Wees veral versigtig om volle geboortedatums te deel asook jou huidige ligging (“location”).

3.7 **Publikasie-ketting** - ingevolge die Suid-Afrikaanse reg, **is jy verantwoordelik vir enige inhoud wat jy “her-tweet”, deel (“share”), “like” of in“getag” word op sosiale media**, al het jy nie die inhoud self geskep nie. **Enige kommentaar wat gelewer word op jou “posts” is ook jou verantwoordelikheid en as jy op ’n WhatsApp-groep is, kan jy aanvanklik verantwoordelik gehou word vir enige ongewenste inhoud op daardie groep, al het jy dit nie self opgelaai nie.**

3.8 **Moet nooit enige griewe wat jy teen die skool het op sosiale media plaas nie** - as jy teen enige tyd ongelukkig is oor die skool aangaande enige saak wat die skool by betrokke is, is dit jou verantwoordelikheid om die korrekte kanale te volg **deur die skool self**. As jy ’n probleem het rakende die skool, is sosiale media nie die regte platform om van gebruik te maak om probleme op te los nie, dit is nie aanvaarbaar nie en verbreek die reëls van hierdie riglyne.

3.9 **Deur nie die naam van die skool/individu te noem nie, beteken nie dat die las/aanspreeklikheid van jou af is vir die inhoud wat aanlyn geplaas is oor die skool of individu nie.** Jy hoef nie 'n naam te noem om iemand te identifiseer nie. As iemand kan raai van wie jy praat is jy net so skuldig as wat jy die skool/individu by die naam sou noem. Vir die doel van die volgende oortredings: naamskending of crimen injuria (skending van menswaardigheid) kan direkte of indirekte verwysings slaag as bewys.

## 4. TOEPASLIKE GEBRUIK VAN SOSIALE MEDIA VIR OUERS EN LEERDERS

Om die verantwoordelike gebruik van sosiale media te optimaliseer, verwag en moedig die skool die leerders en ouers aan om te voldoen aan die volgende aspekte van 'n goeie digitale burgerskap:

4.1 Die termes en voorwaardes van die sosiale media platforms en fasiliteite wat jy gebruik moet teen alle tye nagekom word.

4.2 Moet nooit jou naam, geboortedatum, adres, telefoon nommer, of die naam, adres of telefoon nommer van die skool, mede leerders of ouers/voogde aanlyn plaas nie.

4.3 Maak seker dat jy jou ligging ("location") op jou foon deaktiveer vir alle sosiale media platforms wat jy gebruik sodat jou ligging nooit beskikbaar is vir enige iemand aanlyn nie.

4.4 Moet nooit foto's van familie, vriende of medeleerders wat hulle in die verleentheid sal plaas, aanlyn plaas sonder toestemming nie.

4.5 Moet nooit ander afkraak of leuens versprei aanlyn nie, moet ook nie slegte kru-taal gebruik aanlyn nie.

4.6 Wanneer jy 'n foto van iemand of inhoud wat iemand anders raak aanlyn geplaas het, moet jy onmiddellik die foto/inhoud verwyder as die persoon so vra.

4.7 Moenie kettingboodkappe/vals nuus versprei nie, gebruik betroubare hulpbronne om uit te vind of iets waar/onwaar is.

4.8 Moet nooit vir iemand 'n boodskap stuur of ontmoet in persoon wie jy nie ken nie, tensy 'n volwassene toestemming gee.

4.9 Mense gee gereeld voor dat hulle iemand anders is aanlyn. Al het julle wedersydse vriende of word aanmekaar voorgestel aanlyn, wees steeds versigtig totdat jy presies weet wie dit is.

4.10 **Leerders, vertel onmiddellik 'n volwassene:**

4.10.1 As jy verdagte boodskappe/oproepe ontvang van iemand wat jy nie ken nie;
4.10.2 As jy enige teisterende, dreigende, ontstellende, onwettige of ontoepaslike inhoud ontvang;
4.10.3 As jy enige inhoud ontvang waarvan jy deel is van die gesprek (al het jy die gesprek begin) wat jou ongemaklik, senuweeagtig of onveilig laat voel;
4.10.4 As iemand vir jou vra om enige pornografiese materiaal te stuur (kaal foto's ens.). **Jy moet altyd weier om sulke tipe foto's te stuur**, dit kan 'n kriminele oortreding wees;
4.10.5 As iemand enige pornografiese materiaal aan jou stuur, in so 'n geval moet jy nooit vir jou vriende wys of aanstuur nie, want dit kan 'n kriminele oortreding wees.
4.10.6 As jy ingelig word/sien dat mense goed doen/sê teenoor ander mense aanlyn wat nie reg is nie.

4.11 Moet nooit in ’n bakleiery/rusie betrokke raak aanlyn nie. As iemand probeer om met jou te stry dan ignoreer jy daardie persoon.

4.12 Moet nooit iemand boelie, slegsê, teister of enige dreigende boodskappe aanlyn stuur nie.

4.13 As jy op WhatsApp-groepe is en ander individue op die groep doen/sê slegte goed, moet jy die groep onmiddellik verlaat of die ander individue bewus maak van die feit dat hulle verkeerd is

4.14 Moet nooit voorgee dat jy iemand anders is aanlyn nie of ’n valse profiel skep nie.

4.15 Moet nooit jou wagwoorde vir enige iemand gee behalwe jou ouers/voog nie.

4.16 Moet nooit iemand anders se foon gebruik of by enige van hulle sosiale media rekeninge inteken, tensy jy toestemming het van daardie persoon nie.

4.17 Moet nooit voorgee dat inhoud wat jy aanlyn gekry het joune is nie.

4.18 Moet nooit enige inhoud aflaai, iets koop of bestel aanlyn sonder om ’n volwassene te vra nie.

4.19 Moet nooit enige verdagte skakels oop maak aanlyn nie.

4.20 Vir enige skool WhatsApp-groepe moet daar voldoen word aan die riglyne vir WhatsApp-groepe, aangeheg aan hierdie dokument as **Bylae A**.

4.21 Vir enige e-posse of enige e-pos gesprekke rakende die skool moet daar voldoen word aan die riglyne vir e-posse aangeheg in hierdie dokument as **Bylae B**.

4.22 Jy mag net die skoolwapen gebruik as jy geskrewe toestemming het van die skoolhoof om dit te doen.

4.23 Jy mag nie enige sosiale media rekeninge skep wat lyk of voorgee dat dit aan die skool behoort sonder die toestemming van skoolhoof nie.

**5. U as ouer moet geen inhoud skep, aanlyn plaas, selfassosiasie tref of enige inhoud aanstuur wat die volgende insluit:**

5.1 Enige inhoud wat gebruik kan word vir ’n onwettige doel of wat kan bydra tot onwettige gedrag, wat enige dreigemente van geweld of wangedrag van enige tipe bevat;

5.2 Inhoud wat lei tot haatspraak, bv. spraak wat diskrimineer op verbode gronde soos geslag, ras, seksuele oriëntasie ens;

5.3 Inhoud wat onwelvoeglik, gewelddadig of pornografies is;

5.4 Inhoud wat enige kommunikasie/gesprek aangaande naamskending bevat (bv. om iets sleg te sê rakende ’n ander persoon of organisasie) of wat inbraak maak op ’n ander individu se regte;

5.5 Inhoud wat beledigende, teisterende of skadelike kommunikasie bevat;

5.6 Inhoud wat onwaar is en ander individue kan mislei;

5.7 Inhoud wat private inligting verklap oor die skool, sy leerders, onderwysers en werkers;

5.8 Inhoud wat die skool se naam in gedrang kan bring asook die naam van sy leerders, werkers en ouers;

5.9 Inhoud wat die regte van 'n ander party se Intellektuele Eiendom in gedrang stel.

5.10 Indien jy as ouer enige gesag het om enige iets te kommunikeer op sosiale media namens die skool, moet dit duidelik gestipuleer word in die kommunikasie, maar deur net gesag te verklaar beteken nie dat u nie aanspreeklik gehou kan word vir die kommunikasie nie.

5.11 Indien u geen gesag het om namens die skool te kommunikeer op sosiale media nie, moet u dit baie duidelik maak dat die kommunikasie slegs u eie opinie is en nie die opinie van die skool nie, maar hierdie vrywaring verwyder nie die potensiële aanspreeklikheid vir die kommunikasie nie.

5.12 U mag slegs foto's/videos/stemopnames neem van ander leerders/ouers of onderwysers as U toestemming het om dit te doen, indien u voorheen foto's/videos/stemopnames geneem het van leerders/ouers/onderwysers, moet u dit verwyder as daardie individu u vra om dit te verwyder, tensy die foto/video/stemopname as bewys dien van enige wangedrag.

5.13 Sou u bewus word van enige gevalle rakende boeliery, teistering, "sexting" of enige ander onaanvaarbare kommunikasie deur 'n leerder of enige ander individu wat met die skool geassosieer kan word, moet dit onmiddellik aangemeld word by die skoolhoof.

5.14 Die skool se sosiale media kanale mag onder geen omstandighede gebruik word vir advertering van enige soort nie. Die skool se sosiale media kanale is slegs daar vir die doel om ouers/voogde in te lig rakende aktiwiteite wat plaasvind by die skool.

**Neem kennis dat leerders teen enige tyd opgeskort of geskors mag word vanaf die skoolgronde alleenlik gebaseer op die gedragsoortredinge van hulle ouers. Hierdie beginsel is nie uniek aan die skool nie, maar 'n beginsel wat gehandhaaf word deur die Suid-Afrikaanse regsisteem.**

***Wanneer jy onseker is of jy inhoud aanlyn moet plaas of op jou foon moet hê, onthou die volgende:***

- **Die "Billboard" Toets:** As jy nie die foto/video/boodskap op 'n reuse advertensiebord langs 'n baie besige hoofweg sal opsit nie, met 'n foto van jouself, jou naam en van en die skool/maatskappy waarvoor jy werk nie, moet dit nie aanlyn plaas nie en moet nie dat die inhoud in digitale formaat bestaan op jou foon (of enige iemand anders se foon) nie.

- **Die 6 P's:** As jy nie wil hê die volgende persone moet die inhoud sien op jou foon nie, moet dit nie op sosiale media laai nie en moet nie dat die inhoud ontstaan op jou foon nie:

  *"The **P**olice - Your **P**arents - A **P**edophile - A **Prospective** university admissions officer/ employer - Your **P**rincipal - A **P**hisher (someone who is interested in getting your personal information)"*

**VOORSITTER BESTUURSLIGGAAM**

**PRINSIPAAL**

**BYLAE A:**

## WHATSAPP-GROEP RIGLYNE

**Hier by Hoërskool Fochville wil ons ’n reeks WhatsApp-groep riglyne bekend stel om almal wat op ’n skoolverwante WhatsApp-groep is te lei in die regte rigting. Hierdie WhatsApp-groepe sluit in die offisiële groepe gestig deur die skool asook die onoffisiële groepe gestig deur ouers/leerders.**

### 1. Geen “buite ure” gebruik van die groep nie.

Die ure van alle WhatsApp-groepe is vanaf 06:00 - 20:00. [Tye kan verander en moet ook besluit of dit Saterdae en Sondae insluit].
Kommunikasie op die groep moet geskied tussen die bogenoemde tye. Slegs wanneer dit ’n noodgeval is mag die groep buite ure gebruik word.

### 2. Slegs skoolsake.

Hierdie WhatsApp-groepe word slegs gestig vir enige sake wat verband hou met die skool. Geen gesprekke of probleme wat buite die skool val sal op hierdie groepe bespreek word nie. Advertering, politiese gesprekke, ”memes” en grappies word nie op die groepe toegelaat nie.

### 3. Slegs positiewe kommentaar word aanvaar.

Griewe teen die skool, medeleerders, ouers, onderwysers en werkers sal nie op hierdie groepe bespreek word nie. As daar ’n probleem ontstaan moet die regte kanale gevolg word en op geen vorm van sosiale media geplaas word nie. Onthou asseblief dat ’n persoon se toon verander oor ’n boodskap en die inhoud is soms nie duidelik nie. Wees ook versigtig watter “emoticons” gebruik word.

### 4. Antwoord slegs terug op ’n boodskap indien nodig.

As ’n boodskap nie ’n antwoord terug benodig nie, moet nie antwoord nie. Die volume boodskappe op so ’n groep kan baie keer oorweldig raak. Jy hoef nie elke keer te bevestig dat jy die boodskap ontvang het nie, tensy daar van jou gevra word om terug te antwoord.

### 5. Neem verantwoordelikheid.

Moet asseblief nie die groepe gebruik om daagliks uit te vind oor huiswerk, take of toetse nie. Dit is die leerder se verantwoordelikheid om al hierdie informasie self te kry soos dit deurgegee word in die klaskamer.

### 6. Ons werknemers

Neem kennis dat ons werknemers altyd beskikbaar is om te help, maar hulle verdien ook nou en dan ’n breek. Probeer asb. om hulle nie te kontak buite skoolure nie, tensy dit dringend is.

**BYLAE B:**

**E-POS RIGLYNE**

**1. Tye**

E-posse sal slegs tussen [07:00 en 16:00] beantwoord word. Vir enige dringende sake skakel die skool op (018 771 6410) tot en met [16:00].

**2. Individue ingekopieer**

“Cc” of “Bcc” slegs individue wat relevant is tot die gesprek. Die volume e-posse wat daagliks ontvang word kan baie oorweldig wees. Daar word nie van individue wat “gecc/bcc” verwag om te antwoord nie.

**3. Relevante persone**

As daar ’n saak/probleem ontstaan wat met die skool bespreek moet word, sluit slegs die relevante persone in die e-pos in.

**4. Persoonlike informasie**

Vermy dit om enige persoonlike informasie rakende jouself of die skool te deel via e-pos.

**5. Wees versigtig**

Neem kennis dat e-posse aangestuur kan word en “screenshots” kan geneem word, wees versigtig wat jy op ’n e-pos sit.

**6. Inkriminerende inhoud**

Wees versigtig dat wanneer ’n e-pos aangestuur word of wanneer jy antwoord op die e-pos dat geen inhoud wat inkriminerend is op die e-pos aangeheg is nie.

**7. Kontakbesonderhede**

Enige skool verwante lyste wat kontaknommers en e-pos adresse bevat mag slegs vir skool sake gebruik word.

**8. Advertering**

Advertensies oor ’n e-pos word om geen omstandighede toegelaat nie.

**9. Antwoord op e-pos**

Antwoord slegs op ’n e-pos wanneer dit direk aan jou gestuur word. Moet nie terug antwoord op ’n e-pos waarin almal betrokke is nie, tensy daar van jou gevra word om terug te antwoord.

**10. Vrae**

Indien jy ’n vraag het rakende informasie in die e-pos, skryf terug direk aan die persoon wat die e-pos gestuur het en nie aan almal nie.

**11. Formele taalgebruik**

Formele taalgebruik word verkies op e-posse gerig aan die skool, begin ’n e-pos met “Geagte” en eindig met “Vriendelike groete/Die Uwe”. Formele taal kanselleer verwarring uit.